Skepping

Gebeure in die Bybel

geboorte van Jesus

Gebeure in die Bybel

Daniel in die leeukuil

Gebeure in die Bybel

Dawid en Goliat

Gebeure in die Bybel

Jesus word gedoop

Gebeure in die Bybel

Jona en die vis

Gebeure in die Bybel

Petrus loop op die water

Gebeure in die Bybel

Moses en die brandende bos

Gebeure in die Bybel

Josef word verkoop

Gebeure in die Bybel

**Charades Bybelvasvra: Gebeure in die Bybel**

## SKEPPING

1. **Vraag:** Hoe word die aarde beskryf voordat God dit begin maak het?
   **Antwoord:** Heeltemal onbewoonbaar (Gen 1:2)

2. **Vraag:** HOE het God die aarde gemaak?
   **Antwoord:** Hy het 'n woord gespreek en dit het gebeur… "Laat daar…" (Gen 1:1-25)

3. **Vraag**: Waaruit het God die wilde diere en die voëls gemaak?
   **Antwoord**: Hy het hulle uit grond gevorm (Gen 2:19)

4. **Vraag**: Waaruit het God vir Eva gemaak?
   **Antwoord**: Uit Adam se ribbebeen (Gen 2:21)

## GEBOORTE VAN JESUS

1. **Vraag**: Wat was die engel se naam wat vir Maria die nuus van Jesus se geboorte gebring het?
   **Antwoord**: Gabriël (Luk 1:26)

2. **Vraag**: Wat het Maria vir die engel oor die nuus van Jesus se geboorte gesê?
   **Antwoord**: Dat sy tot beskikking van die Here is, en dat dit met haar moet gebeur soos hy gesê het (Luk 1:38)

3. **Vraag:** Aan wie is die goeie nuus van Jesus se geboorte eerste vertel?
   **Antwoord**: Skaapwagters (Luk 2:8-9)

4. **Vraag**: Hoe het die sterrekykers geweet van Jesus se geboorte?
   **Antwoord**: Hulle het Sy ster sien opkom (Matt 2:2)

## DANIëL IN DIE LEEUKUIL

1. **Vraag**: Hoeveel keer op 'n dag het Daniël gebid?
   **Antwoord**: drie keer (Dan 6:11)

2. **Vraag**: Wat het met Daniël gebeur omdat hy God aanbid het?
   **Antwoord**: Hy is in die leeukuil gegooi (Dan 6:17)

3. **Vraag**: Wat het met Daniël in die leeukuil gebeur?
   **Antwoord**: God het Sy engele gestuur om die leeus se bekke toe te sluit en Daniël het niks oorgekom nie (Dan 6:22-23)

## DAWID EN GOLIAT

1. **Vraag**: Hoekom het Dawid vir Goliat doodgemaak?
   **Antwoord**: Hy het God beledig (1 Sam 17:26)

2. **Vraag**: Wat wou Saul vir Dawid laat aantrek om teen Goliat te veg?
   **Antwoord**: Sy eie gevegsuitrusting (1 Sam 17:38)

3. **Vraag**: Hoekom het Dawid gesê is hy nie bang om teen Goliat te veg nie?
   **Antwoord**: Hy het die leeu en die beer met God se hulp doodgeslaan, en God sal hom help om Goliat ook dood te slaan (1 Sam 17:37)

4. **Vraag**: Waarmee het Dawid vir Goliat doodgemaak?
   **Antwoord**: Met ‘n klippie uit ‘n slingervel (1 Sam 17:49)

## JESUS WORD GEDOOP:

1. **Vraag**: Wie het Jesus gedoop?
   **Antwoord**: Johannes die Doper (Matt 3:13)

2. **Vraag**: Hoekom moes Jesus deur Johannes gedoop word?
   **Antwoord**: Omdat dit die wil van God was (Matt 3:15)

3. **Vraag**: Wat het uit die hemel neergedaal na Jesus gedoop is?
   **Antwoord**: Die Gees van God soos ‘n duif (Matt 3:16)

4. **Vraag**: Wat het hulle uit die hemel gehoor?
   **Antwoord**: ‘n Stem wat sê: “Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My” (Matt 3:17)

## JONA EN DIE VIS

1. **Vraag**: Na watter stad moes Jona gaan?
   **Antwoord**: Ninive (Jona 1:2)

2. **Vraag**: Waar het Jona beland omdat hy nie wou gaan nie?
   **Antwoord**: In ‘n vis se maag (Jona 1:17)

3. **Vraag:** Wat moes Jona in Ninive gaan doen?
   **Antwoord**: Hy moes die mense gaan waarsku dat God die stad oor 40 dae sou verwoes (Jona 3:4)

4. **Vraag**: Wat het die mense gedoen toe Jona hulle waarsku?
   **Antwoord**: Hulle het hulle bekeer (Jona 3:10)

5. **Vraag**: Ons lees in Jona 4:1-2 en in Jona 4:9-11 dat Jona twee keer vir die Here kwaad was – noem die redes hoekom hy kwaad was.

   **Antwoord**: Jona 4:1-2 – Hy het geweet God sou hulle genadig wees en van Sy straf afsien Jona 4:9-11 – Omdat God 'n wurm gestuur het om die komkommerplant waaronder hy gesit het op te vreet, terwyl dit voel of hy doodgaan in die son en die wind.

## PETRUS LOOP OP DIE WATER:

1. **Vraag**: Wie het die dissipels gedink kom op die water na hulle toe aangestap?
   **Antwoord**: 'n Spook (Matt 14:26)

2. **Vraag**: Hoe wou Petrus seker maak dat dit Jesus was?
   **Antwoord**: Hy't gesê as dit Jesus was moes Hy hom beveel om op die water na Hom te loop (Matt 14:28)

3. **Vraag**: Hoekom het Petrus bang geword en begin sink?
   **Antwoord:** Hy het gesien hoe sterk die wind was (Matt 14:30)

4. **Vraag**: Wat het Jesus vir hom gesê nadat Hy sy hand gegryp het?
   **Antwoord**: Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel (Matt 14:31)

5. **Vraag**: Wat het gebeur toe Jesus en Petrus in die skuit klim?
   **Antwoord**: Die wind het gaan lê (Matt 14:31)

## MOSES EN DIE BRANDENDE BOS:

1. **Vraag:** Hoe het God aan Moses verskyn toe Hy hom geroep het?
   **Antwoord**: In 'n brandende bos (Eks 3:2-4)

2. **Vraag**: Wat was vreemd aan die brandende bos gewees?
   **Antwoord**: Dit het gebrand sonder om uit te brand (Eks 3:2)

3. **Vraag**: Wat het God vir Moses gesê om te doen en om nie te doen, toe hy die brandende bos sien.
   **Antwoord**: Hy moes nie nader kom nie, en hy moes sy skoene uittrek (Eks 3:5)

4. **Vraag**: Hoekom moes Moses sy skoene uittrek?
   **Antwoord**: Dit was gewyde grond gewees (Eks 3:5)

## JOSEF WORD VERKOOP

1. **Vraag**: Hoekom het Josef se broers hom verkoop?
   **Antwoord**: Hulle het nie van hom gehou nie, want hulle pa was vir Josef liewer as vir hulle (Gen 37:3-4)

2. **Vraag**: Wat was hulle aanvanklike plan met Josef gewees?
   **Antwoord**: Hulle wou hom doodgemaak het (Gen 37:18)

3. **Vraag**: Wie het hulle oorreed om hom eerder in ‘n put te gooi as om hom dood te maak?
   **Antwoord**: Sy broer Ruben (Gen 37:21)

4. **Vraag**: Wat was Ruben van plan om met hom te doen?
   **Antwoord**: Hy wou hom later red (Gen 37:21-22)

5. **Vraag**: Hoekom kon Ruben nie vir Josef red nie?
   **Antwoord**: Toe hy terugkom by die put het sy broers vir Josef as ‘n slaaf verkoop (Gen 37:29)